Inwoners van Lutzville-omgewing maak beswaar teen Monsanto se aansoek om Geneties Veranderde mielies in die omgewing aan te plant.

As inwoners van Lutzville-omgewing, maak ons hiermee beswaar teen die aanplant van geneties veranderde mielies in die Lutzville omgewing soos aansoek gedoen deur Monsanto Suid Afrika (Edms) Bpk. Ons rig ons protes aan Monsanto SA en die Registrateur vir Geneties Veranderde Organismes. Ons beswaar rus op die volgende gronde:

- Die kommentaar tydperk is te kort en moet verleng word.
- Die ligging van waar die proefvrystelling sal plaasvind, word nie gespesifiseer nie.
- Mense is nie genoegsaam ingelig rondom GMOs nie.
- Daar is 'n gebrek aan publieke deelname.
- Kleinboere is oningelig en weet wat die implikasies is van GVOs nie.
- Kleinboere word bedreig deur GVOs en die beheer van sade word in die hande van groot maatskappye soos Monsanto plaas.
- Die nuwe sade kan nuwe gifstowwe vereis wat nadelig is vir die mens.
- Ons mensereg tot voldoende inligting omtrent gesondheid word ontken. Geen inligting omtrent die gesondheidsgevare van GVOs word in die publieke advertensie gevind nie.
- Voldoende navorsing omtrent GMOs ontbreek. Daar is onsekerheid oor die voor- en nadele daarvan.
- Terme wat in die koerant advertensie gebruik word, is onverstaanbaar vir gewone mense. Dit is misleidend en lig nie die publiek volledig in nie.
- Ons gemeenskappe stel nie belang in die kapitalistiese stelsel van Monsanto en die regering nie, maar wel in voedselsoewereiniteit.
- Ons vrees die langtermyn negatiewe effekte van geneties veranderde voedsel op die menslike liggaam.
- Daar is onsekerheid oor die impak wat dit kan hê op die omgewing.

Skakel asseblief vir Deavine Witbooi namens die Lutzville Gemeenskap Kleinboere by 078-9072566 (sel) / 021-4480105 (faks).